# Goue lint, laat my storie tog weereens begint

## 'n kykie na seuns se leesgewoontes

ETHNEY WATERS
**Boekkeurder**

Dis 'n welbekende opvatting dat seuns minder as meisies lees. Trouens, hierdie sienswyse word verder deur navorsing versterk. In hul boek, **Reading don't fix no Chevy's: literacy in the lives of young men** (Heinemann 2002), sê geletterdheidskenners, professore Michael Smith van Temple Universiteit en Jeffrey D Wilhelm van Boise State Universiteit die volgende: 'Boys read less and are less enthusiastic about reading and they have trouble understanding narrative texts.' Daar is natuurlik diegene wat nie met bogenoemde saamstem nie. Soos ons eie professor Maritha Snyman van die Universiteit van Pretoria wat in 'n onlangse studie oor Afrikaanse kinders se leesgewoontes bevind het dat meisies nie meer as seuns lees nie. Volgens haar sit ons eintlik met 'n swak leeskultuur. In haar studie onder 3 380 Afrikaanse leerders tussen die oudersdomsgroepe 9-15 jaar het sy bevind dat 84% van die respondente min of glad nie van lees hou nie. Slegs 'n skrale 16% het dus 'n positiewe benadering tot lees.

### Seuns en hul leespatrone

Volgens Smith en Wilhelm (Heineman 2002) se navorsing verskil seuns van meisies wanneer dit kom by die keuse van boekmateriaal. Hul navorsing het die volgende aan die lig gebring:

- ☺ seuns is meer geneig om tydskrifte, koerantartikels en inligtingstukke te lees
- ☺ hulle verkies ook uiteraard grafiese romans en strokiesprente
- ☺ hulle verkies leesstof vanuit hul eie leefwêreld en lees graag oor stokperdjies, sport en ander belangstellings
- ☺ seuns verkies stories wat handel oor seuns, terwyl genoemde nie vir meisies 'n faktor is nie
- ☺ seuns hou van versamel, vandaar hul neiging om jeugreekse te versamel
- ☺ seuns lees minder fiksie as meisies
- ☺ seuns verkies ontvlugting en humor, terwyl sommige weer wetenskapfiksie verkies.

Maritha Snyman se navorsing onder Afrikaanse leerders het die volgende feite aan die lig gebring:

- ☺ sy het bevind dat godsdiensverhale die gewildste genre onder meisies en seuns van alle ouderdomme is.
- ☺ Dit blyk ook dat meisies baie meer hou van vriendskapsverhale as seuns, terwyl wetenskapfiksie weer aftrek kry by seuns.
- ☺ Seuns verkies avontuur-, speur- en strokiesverhale, reeksboeke, natuurverhale, historiese verhale, verhale oor ander lande en feiteboeke.

### Kinders en hul boekkeuse

Wat boekseleksie betref, het Snyman tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- ☺ boekomslae is die primêre motiveerder by kinders se boekkeuse
- ☺ naas boekomslae is ouers die tweede grootste motiveerder
- ☺ die dikte van boeke is ook belangrik. Daar is blykbaar 'n voorkeur vir dikker boeke (behalwe vir swakker lesers)
- ☺ namate kinders ouer word, vervaag onderwysers se rol by boekseleksie
- ☺ die media speel 'n groot rol in die uitbouing van kinders se boekkennis.

Ander feite wat, onder meer, aan die lig gekom het, was:

- ☺ kinders hou van multi-dimensionele karakters waarmee hulle kan identifiseer. So, byvoorbeeld, hou hulle van Carina Diedericks-Hugo se karakter, Thomas, omdat hy volgens hulle 'dapper en bang is'
- ☺ haar respondente het nie 'n probleem gehad met die gebruik van beide seuns- en meisiekarakters nie
- ☺ hulle hou van bangmaakstories, maar natuurlik binne perke
- ☺ dit blyk voorts ook dat kinders hulself vereenselwig met karaktereienskappe soos selfstandigheid, inisiatief, omgee, lojaliteit en behulpsaamheid. Respondente het ook karakters verkies wat probleemoplossend, liefdevol, simpatiek is en in hulself glo.

### Redes waarom seuns swak lees

Die Suid-Afrikaanse jeugskrywer, Jaco Jacobs, sê ouer seuns lees swak omdat 'Afrikaanse jeugfiksie vir 'n lang tyd nie 'n getroue weerspieëling was van hul leef- en ervaringswêreld nie'. Volgens Diedericks-Hugo het hierdie probleem al in die sewentiger- en tagtigerjare begin. Gedurende hierdie tydperk was daar 'n sterk groepie akademici wat voorskriftelik was in terme van die kwaliteit van boeke wat aangekoop word. (Die betrokke artikel waaruit ek hierdie inligting gehaal het, verskaf ongelukkig nie die konteks waarna Diedericks-Hugo verwys nie.) Afrikaanse populêre fiksie soos *Trompie* en *Saartjie* is toe op 'n swart lys geplaas en vervang deur uiters neerdrukkende, 'swaar' boeke, waarin daar 'n lessie moes wees, terwyl die kind eintlik net 'n storie wou hê wat

hom boei. Dit het tot die vervreemding tussen die Afrikaanse kind en boeke gelei.

Bogenoemde is maar net 'n druppel in die emmer in die soektog na redes waarom Afrikaanse kinders swak lees. Ons weet almal dat rekenaartegnologie kinders in die algemeen nog verder van boeke vervreem het. Dan is daar ook natuurlik die kwessie van geslagstereotipes. Soos een kinderbibliotekaris tereg sê: 'Ma's doen van kleins af die voorleeswerk en dan assosieer die kind die aktiwiteit met vrouens, met ander woorde, dis nie "cool" vir seuns om te lees nie.' Verdere groepsdruk vanuit die manlike geledere vererger natuurlik die situasie: byvoorbeeld, persepsies soos: 'lees is vir sussies, ons speel rugby.'

### Moontlike oplossings

Skrywer Jaco Jacobs voel dat meer boeke beskikbaar gestel moet word waarmee moderne Afrikaanssprekende jongmense kan identifiseer. Volgens hom lees baie tienerseuns nie, omdat daar gewoon nie vir hulle boeke bestaan nie. Volgens Jacobs gaan dit deesdae betreklik goed met Afrikaanse kinderfiksie. Lapa publiseer glo baie meer titels waarop die mark goed reageer en boeke wat spesifiek seuns teiken het die afgelope paar jaar groot sukses behaal. Jacobs sê dat seuns nie gesien moet word as 'n groep wat lui is vir lees nie. Hy glo egter dat as jy die regte boek by die regte leser kan uitbring, jy enige kind sover kan kry om te lees en dit te geniet.

Diedericks-Hugo voel dat die klem op regstreekse bemarking moet val. Sy voel dat uitgewers skole direk moet teiken. Sy sê haar besoeke aan laerskole het fantastiese resultate opgelewer. 'Boeke is soos soetkoek verkoop…tot vyftig eksemplare van 'n titel by 'n skool.' Sy is ook te vinde vir die konsep van 'book pushers' wat in Britse skole gebruik word. Hiervolgens word die 'coolste' kinders by die skool gevra om vrywillig 'n boek of tydskrif te lees en dan hul bevindinge aan hul maats oor te dra.

Ten laaste moet die rol van ouers by lees nie onderskat word nie, veral die rol van die pa. Seuns is geneig om met hul pa's te identifiseer. En as hul pa's nie lees nie, word daar onvermydelik die indruk geskep dat lees nie 'n manlike aktiwiteit is nie, beweer Jacobs.

**ONTHOU**

**Seuns is ook mal oor nie-fiksie. Hulle is dol oor onderwerpe soos sport, die ruimte, aliens, robotte, wetenskap eksperimente, dinosourusse, hoe dinge werk, motors, vliegtuie, wilde diere en grappe!**

Uit Maritha Snyman se studie blyk dit dat ouers se oorwegende onbetrokkenheid ten opsigte van hul kinders se leesgedrag 'n groot uitwerking het op Suid-Afrikaanse kinders se negatiewe houding teenoor lees. Sy voel dat 'n groter bewustheid by ouers gekweek moet word oor die waarde van lees. Uitgewers moet ook meer bewus raak van die behoeftes van lesers, veral seuns.

In 'n poging om seuns aan die lees te kry kan biblioteke die volgende riglyne volg wat in die **Teacher Librarian** van Februarie 2003 verskyn het:

- die beplanning van spesifieke praatjies gemik op seuns
- boekpraatjies wat nie-fiksie insluit
- die vermeerdering van joernale, tydskrifte en strokiesprente
- werwingsprogramme gemik op seunsgebruikers
- die aankoop van boeke wat seuns aanbeveel.

Die onderstaande leeslys gee 'n aanduiding van die tipe leesstof wat jong seuns verkies. Ek hoop van harte dat hedendaagse en voornemende jeugverhaalskrywers 'n ernstige poging sal aanwend om sommer gou nog baie lekker leesboeke te skryf wat hierdie leeslys kan aanvul.

### Bibliografie

Jacobs, Jaco. **Untitled document**. 2006.

McFann, Jane. Boys and books. **Reading today,** August 2004, 22 (1), 20-21

Snyman, Maritha. **Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders**.- Universiteit van Pretoria, 2006.

Vosloo, Johan. Na die kind. **Rapport Perspektief**, 7 Desember 2003.

